

**KONTEKS EN KULTUURHISTORIESE BETEKENIS VAN DIE  
MELKSTOELTJIE, SOOS UITGEBEELD IN  
KINDERLEKTUUR EN POLITIEKE SPOTPRENTE**

**Nico Botes en Schalk W. le Roux**

*Departement Argitektuur; Universiteit van Pretoria, Privaatsak X20, Hatfield, 0028*

**Context and cultural-historical meaning of the milking stool, as depicted in children's literature and political cartoons**

The humble milking stool is usually associated only with dairy production. This article investigates a broader context and socio-historical meaning portrayed in selected illustrations in English and Afrikaans children's literature – especially picture books and volumes of rhyme – and depictions in South African political cartoons. In children's books, where three- and four-legged milking stools appear as either purposeful or accidental theatrical properties, they represent a meagre and noble rural, even agrarian, existence. For their size, they often contribute to the setting of an intimate scale. At least until late in the twentieth century, they are employed as credible and recognisable objects of a scale and simplicity that is easily accessible to the young viewer and reader.

Three-legged milking stools especially serve as symbols of a vulnerable stability in South African political cartoons, where the structural stability and co-dependence of three legs are often portrayed metaphorically. This metaphor is also widely used in contemporary English, Dutch and Flemish scholarly texts. Through this figure of speech, the traditional notion of the almost forgotten milking stool survives into the twenty first century.

**Key words:** children's literature; illustration; material culture; milking stool; nursery rhyme; political cartoon; tripod; vernacular culture

Die nederige melkstoeltjie word gewoonlik slegs met melkery geassosieer. Hier word ondersoek ingestel na 'n breër begrip van konteks en kultuurhistoriese betekenis aan die hand van enkele illustrasies in Engelse en Afrikaanse kinderlektuur – veral prenteboeke en rymbundels – en uitbeeldings in Suid-Afrikaanse politieke spotprente. Verbande met 'n skamel en edel landelike, selfs landboukundige bestaan, figureer

in illustrasies uit kinderboeke waar drie- en vierpootstoeltjies as doelbewuste, of toevallige, rekvisiete voorkom. Inbeeld dra die grootte van die voorwerp hier by tot 'n intieme skaal. Dit dien, minstens in kinderlektuur tot laat in die twintigste eeu, as geloofwaardige en herkenbare voorwerpe waarvan die grootte en eenvoud toeganklik vir die jong kyker en leser was.

In Suid-Afrikaanse politieke spotprente dien drie-potige melkstoeltjies verder as kenbare simbool van 'n kwesbare ewewig in die politiek, waar die strukturele stabiliteit en interafhanglikheid van drie pote metafories verbeeld word. Hierdie metafoor word ook so gebruik in eietydse vakliteratuur in Engels, Nederlands en Vlaams. Die tradisionele begrip van die amper-vergete melkstoeltjie leef dus deur beeldspraak in die 21ste eeu voort.

**Sleutelwoorde:** driepoot; illustrasie; kinderlektuur; kinderrympie; melkstoeltje; politieke spotprent; stoflike kultuur; volkskultuur

## Inleiding

In die studie van stoflike kultuурgoedere is die voorwerpe wat ondersoek word die hoofbron van inligting oor veral hulle fisiese eienskappe. Wanneer die voorwerpe nie meer in alledaagse gebruik is nie, of wanneer hulle besonder eenvoudig is, word die navorsing genoeg om sekondêre bronne te raadpleeg. In dié opsig kan uitbeeldings van kultuurvoorwerpe lig werp op die gebruik en hantering daarvan, maar aspekte van persepsie, assosiasie en kulturele waardes kan ook dikwels daaruit afgelei word. Die kultuurproduk is juis onlosmaaklik verbind tot die fisiese én metafisiese konteks waaruit dit ontstaan en waarin dit toepassing en behoud vind. Kultuurhistoriese betekenis strek dus verby die stoflike en noodsak die ondersoek van verbande in 'n kenteoretiese besinning om te vertolk, vertaal, takseer en (her)konstrueer.

Deur visuele analise en, waar dit binne teksverband moontlik was, word in hierdie artikel ondersoek ingestel na 'n breër begrip vir konteks en kultuurhistoriese betekenis afgelei uit sulke beelde van die amper-vergete melkstoeltjie. Dit word aan die hand van illustrasies in Engelse en Afrikaanse kinderlektuur en Suid-Afrikaanse politieke spotprente onderneem.<sup>1</sup> Hierdie keuse ondervang heelwat van die aspekte wat ook deur ander media (teksbeskrywings, skilderye, tekeninge en foto's<sup>2</sup>) oor die melkstoeltjie ontsluit word.

<sup>1</sup> Van die sekondêre bronne wat ondersoek is, het kinderlektuur en politieke spotprente verbasend baie leidrade en verbane ontbloot. Die aard van hierdie bronne, as populêre en toeganklike media, het tot die omlyning van dié artikel bygedra.

<sup>2</sup> N. Botes, *Melkstoeltjies in die versamelings van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum: 'n ondersoek na tipologie* (M.Int.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 2009), pp. 77-83, <http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-12102009-142116/>, 2011-04-11.

Meubelkundig is 'n melkstoeltjie 'n eenvoudige sitmeubel bedoel vir een persoon. In teenstelling met 'n systoel het dit nie 'n rugleuning en ook nie armleunings soos by 'n armstoel nie. Anders as party ander stoeltjies (en bankies) is die pote nie met sporte verbind nie en word hulle nie onderling deur 'n spanraam verstewig nie. Dit het meestal drie, maar soms ook een<sup>3</sup> of vier houtpote wat tipies met tapvoegkonstruksie in of deur die sitting bevestig is. Die sitting, 'n houtblad, kan bykans enige vorm hê en staan tipies laer as die gemiddelde sithoogte van 'n stoel vir volwasse gebruikers. Melkstoeltjies is primêr funksionele voorwerpe wat met gemak opgetel, gehanteer en gedra word. Formele versiering en gesofistikeerde stylkenmerke kom selde voor en die voorkoms en konstruksie het oor eeue min of glad nie verander nie. As kulturproduk kan melkstoeltjies, uit 'n akademies-teoretiese oogpunt en aan die hand van Burden se model vir kultuurgeskiedenis,<sup>4</sup> beskou word as stoflike, tradisionele en volkskultuur.

Lae driepootstoeltjies is reeds teen 1450 v.AE in Egipte deur ambagslui soos pottebakkers en sandaalmakers<sup>5</sup> gebruik en soortgelyke stoeltjies met drie of vier pote is tydens en na die Middeleeue algemeen as sitmeubel gebruik en so uitgebeeld, onder andere deur Pieter Bruegel die Oude (c1525-1569).<sup>6</sup> Soos die naam aandui hou die melkstoeltjie verband met melkery. Deon Knobel (1939-) beskryf só hoe hy dit uit sy kinderde onthou:

*Elke melker het sy eie melkstoeltjie gehad waarop gehurksit is, die regterskouer effens onder die koei ingeskuif en teen haar vasgedruk om die melker se liggaam te stabiliseer en die nodige vastigheid te gee vir die krag wat tog nodig was om die dik melkstrale uit te melk met 'n knyptrekbeweging tussen duim en voorvinger.<sup>7</sup>*

In Afrikaans omvat die begrip vir die woord terselfdertyd enige sitding wat die melker gebruik wanneerveral koeie met die hand gemelk word – dit kan dus ook na 'n

<sup>3</sup> T. Gebhard, *Alte bäuerliche Geräte* (München, 1969), p.78. Enkelpotige melkstoeltjies (met die poot sentraal tot die sitting) is veral in die Alpe-streek en Switserland gebruik. Aangesien dit slegs hoogsteun bied, word die gebruiker genoodsaak om self sy van balans te handhaaf.

<sup>4</sup> M. Burden, Die metodologie van kultuurgeskiedenis, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 14(2), 2000, pp. 13-30.

<sup>5</sup> H. Baarden & E.G.C. Schubad, *De stoel in de historie* (Den Haag, 1958), p. 9.

<sup>6</sup> J. Weyns, *Volkshuisraad in Vlaanderen: naam, vorm, geschiedenis, gebruik en volkskundig belang der huiselijke voorwerpen in het Vlaamse land van de middeleeuwen tot de Eerste Wereldoorlog* (Beerzel, 1974), pp. 166-172.

<sup>7</sup> D. Knobel, Toesig hou by melkery, *Vintage@Litnet*, [http://litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=23723](http://litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=23723), 2007-12-20.

melkblok (soos 'n stomp) of selfs 'n omgekeerde blik verwys wat laag genoeg is sodat die melker die spene kan bykom.<sup>8</sup> Ongeag hoe gelyk die oppervlakte is waarop dit staan, is dit natuurlik verkiekslik dat die melker se sitsteun in ewewig sal bly. Hiervoor bied 'n driepoot die mees stabiele en ekonomiese ondersteuning, soos ook die geval met 'n driepoot kamera-staander.

Ander gebruik hou ook in die Westerse geskiedenis verband met stoeltjies van soortgelyke konstruksie: dit is gebruik as algemene sitmeubel, voor 'n vuurherd,<sup>9</sup> in die kombuis<sup>10</sup> (ook as 'n sny- of kapblok<sup>11</sup>), as voetstoeltjie, sprekerspodium<sup>12</sup> en skool- en kindermeubel.<sup>13</sup>

### Kinderlektuur: Engels

Dit is nie onverwags dat melkstoeltjies uitgebeeld word in kinderlektuur waar die melker, of melkmeisie, gemeld word nie. Randolph Caldecott (1846-1886) se beelde (**Figuur 1**) in sy prentverhaal *The Milkmaid*<sup>14</sup> is hiervan 'n voorbeeld. Die verhaal dryf die spot met 'n ambisieuse, maar arm landjonker, wat in sy soeke na 'n ryk vrou die mooi melkmeisie, dogter van 'n eenvoudige boer, teëkom waar sy op pad is om koeie te gaan melk. Sy oorhaastige huweliksaanbod aan haar word teruggetrek wanneer hy besef dat sy, buiten haar skoonheid, nie oor 'n fortuin beskik nie.

Hierin is die simboliek van 'n edel, maar nederige, plattelandse bestaan duidelik. Die eenvoudige, maar noodsaklike melkstoeltjie, wat soos die melkemmer herhaaldelik in die beelde voorkom, ondersteun die tema as rekvisiet en staan in kontras met die oordrewe, gestileerde interieur en geartikuleerde meubelstukke van die edelman se eie huis. Soos romantiese skilderye van die negentiende eeu<sup>15</sup> verduidelik Caldecott se beelde ook hoe maklik 'n melkstoeltjie hanteer word – dit word aan 'n poot gedra, onder die arm geklem of soos 'n mandjie oor die voorarm gehang.

<sup>8</sup> N. Botes, *Melkstoeltjies in die versamelings van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum* (2009), pp. 77-78.

<sup>9</sup> C. Gilbert, *English vernacular furniture: 1750-1900* (New Haven, 1991), p. 49.

<sup>10</sup> P. Freedman (ed), *Food: the history of taste* (London, 2007), pp. 185, 203.

<sup>11</sup> R.J. Bebb, *Welsh furniture 1250-1950: a cultural history of craftsmanship and design* (Carmarthenshire, 2007), p. 111.

<sup>12</sup> D. Knell, *English country furniture: the national and regional vernacular 1500-1900* (New York, 1992), p. 66.

<sup>13</sup> B. Claessens & J. Rousseau, *Bruegel* (New York, 1981), p. 118.

<sup>14</sup> Project Gutenberg Literary Archive Foundation, <http://www.gutenberg.org/files/19868/>, 2007-12-18. Dié elektroniese uitgawe van *The Milkmaid* is ontleen aan 'n ongedateerde uitgawe deur Frederick Warne & Co. Die eerste uitgawe was moontlik in 1882.

<sup>15</sup> N. Botes, *Melkstoeltjies in die versamelings van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum* (2009), p. 78.



**Figuur 1: Collage van kleurillustrasies uit *The Milkmaid* deur Randolph Caldecott**

(Project Gutenberg Literary Archive Foundation,  
<http://www.gutenberg.org/files/19868/>, 2007-12-18)

Oor die bydrae van Caldecott tot die genre van prenteboeke, haal Greene die bekroonde illustreerder Maurice Sendak (1928-) soos volg aan:

*There is in Caldecott a juxtaposition of picture and word, a counterpoint that never happened before. Words are left out – but the picture says it. Pictures are left out – but the word says it. It is like a bouncing ball; it goes back and forth. In short, it is the invention of the picture book.*<sup>16</sup>

Schwarz beskryf dié jukstaplassing in die geïllustreerde boek as die samekoms van twee media.<sup>17</sup> Waar teks lineêr en kronologies – woord vir woord en lyn vir lyn – aan

<sup>16</sup> E. Greene, Picture books for today's child, in I. Cilliers (ed), *Towards understanding children's literature for Southern Africa* (Cape Town, 1988), p. 44.

<sup>17</sup> J.H. Schwarz, Visual communication: The importance of children's literature, in I. Cilliers (ed), *Towards understanding children's literature* (1988), pp. 32-33.

die leser ontvou, is die kyker se konfrontasie met die (dikwels ruimtelike) beeld meer intens en kompleks. Dit bied keuses aan die kyker om self sy of haar betrokkenheid en begrip by die beoordeling van die geheel te bepaal. Hy voer verder aan dat die illustrasie dekoratief, beskrywend (wanneer dit die teks napraat), of narratief (wanneer dit die teks vertolk en verbygaan of selfs opponeer) tot die teks kan staan en dat dit dikwels, afhangend van die kyker se oordeel, 'n vermenging hiervan is.<sup>18</sup>

Soortgelyk aan die speelboeke (*toy-books*) van die laat Victoriaanse era, speel die 24 illustrasies (waarvan sewe in kleur is) in *The Milkmaid* 'n leidende rol en is die teks spaarsamig:

*A LADY said to her Son – a poor young SQUIRE:  
 “You must seek a Wife with a Fortune!”  
 “Where are you going, my Pretty Maid?”  
 “I’m going a-milking, Sir,” she said.  
 “Shall I go with you, my Pretty Maid?”  
 “Oh yes, if you please, kind Sir,” she said.  
 “What is your Father, my Pretty Maid?”  
 “My Father’s a Farmer, Sir,” she said.  
 “Shall I marry you, my Pretty Maid?”  
 “Oh thank you, kindly, Sir,” she said.  
 “But what is your fortune, my pretty Maid?”  
 “My face is my fortune, Sir,” she said.  
 “Then I can’t marry you, my Pretty Maid!”  
 “Nobody asked you, Sir!” she said.  
 “Nobody asked you, Sir!” she said.  
 “Sir!” she said.  
 “Nobody asked you, Sir!” she said.<sup>19</sup>*

Meer as 'n eeu later gebruik die Britse kunstenaar David Lawrence (datum onbekend) melkstoeltjies vir drie van sy voorstelling van *Favourite nursery rhymes*.<sup>20</sup> In sy dramatiese uitbeelding van die vierhonderdjaar-oue<sup>21</sup> *Three Blind Mice* (**Figuur 2**) balanseer die boervrou net-net op 'n groen stoeltjie waarvan twee van die drie pote

<sup>18</sup> J.H. Schwarcz, Visual communication: The importance of children's literature (1988), p. 34.

<sup>19</sup> Project Gutenberg Literary Archive Foundation, <http://www.gutenberg.org/files/19868/>, 2007-12-18.

<sup>20</sup> R. Thomson (Selector) & D. Lawrence (Illustrator), *Favourite nursery rhymes* (London, 1985), pp. 41, 44, 59.

<sup>21</sup> I. Opie & P. Opie (eds), *The Oxford dictionary of nursery rhymes* (London, 1952), p. 306.



**Figuur 2: *Three Blind Mice*. Illustrasie deur David Lawrence**

(Uit: R. Thomson & D. Lawrence, *Favourite nursery rhymes*,  
(London, 1985), p. 41.)

reeds in die lug hang. In dié geval is die stoeltjie se konstruksie sigbaar in die tappe bo die sitblad en 'n landelike (en landboukundige) konteks word hier deur die stoeltjie verteenwoordig. Lawrence vries die oomblik voor haar weerwraak en deel haar angs en verskrikking met die kyker, wat baie meer subtel in die teks oorkom.

In die ander twee illustrasies betrek Lawrence rymkarakters, en melkstoeltjies, in 'n meer kinderlik universele konteks en op 'n baie intieme skaal. In *Little Jack Horner* (**Figuur 3**) sit Jack selftevrede in die hoek op 'n rooi driepootstoeltje, Kerskoek op sy skoot en 'n pruim op die punt van sy duim. Die oudste gedateerde weergawe van *Little Jack Horner* strek terug tot 'n volksboekie (*chapbook* – soortgelyk aan 'n biljet) van 1764; sedertdien is die rympie geassosieer met intrige en selfs eiendomswendelary.<sup>22</sup> Lawrence se uitbeelding is eerder onskuldig en volstaan met 'n ooglopende beskrywing van die teks. Sy gebruik van die melkstoeltjie hier is nie uitsonderlik nie, soos aangeleid kan word uit vele soortgelyke prente waarin Jack op 'n melkstoeltjie sit.<sup>23</sup>

<sup>22</sup> I. Opie & P. Opie (eds), *The Oxford dictionary of nursery rhymes* (1952), p. 324.

<sup>23</sup> Vergelyk Lawrence se illustrasie veral met die rooikop *Little Jack Horner* van Ruth Newton (1884-1972) wat in 1943 in die Verenigde State van Amerika gepubliseer is. Kyk: R. Newton, *Ruth Newton's Mother Goose* (Racine, 1943), [S.p.].



**Figuur 3: Little Jack Horner. Illustrasie deur David Lawrence**

(Uit: R. Thomson & D. Lawrence, *Favourite nursery rhymes*, (London, 1985), p. 44.)

*Little Miss Muffet* is die enigste Engelse rym wat hier behandel word waarin 'n stoeltjie enigsins ter sprake mag wees. Daar is eenstemmigheid dat 'n *tuffet* twee moontlike betekenisse kan hê: eerstens as 'n lae stoeltjie (of sitplek) en tweedens as 'n heuweltjie of 'n hoop blare, vere, gras en so meer.<sup>24</sup> Lawrence gebruik hier 'n groen driepootstoeltje wat saam met 'n papbord, beker, lepel en boek in alle rigtings spat wanneer 'n spinnekop sy opwagting maak (**Figuur 4**).<sup>25</sup>

Waar *Little Miss Muffet* een van die bekendste Engelse kinderrympies is, is dit net een van vele soortgelykes, elk met 'n ander eienaam, eetding en dilemma, aangebied in ooreenstemmende rymstrukture.<sup>26</sup> Hieronder tel:

*Little General Monk*

*Sat upon a trunk,*

*Eating a crust of bread;*

*There fell a hot coal*

*And burnt in his clothes a hole,*

*Now little General Monk is dead.*<sup>27</sup>

*Little Poll Parrot*

*Sat in his garret*

*Eating toast and tea;*

*A little brown mouse,*

*Jumped into the house,*

*And stole it all away.*<sup>28</sup>

<sup>24</sup> A. Room, *A dictionary of true etymologies* (London, 1987), p. 176; Collins English Dictionary (Glasgow, 2007), p. 1730.

<sup>25</sup> Vergelyk weer eens Lawrence se voorstelling met dié van Newton, wat 'n rooi stoeltjie en 'n vermenslikte, vriendelike spinnekop uitbeeld. Kyk: R. Newton, *Ruth Newton's Mother Goose* [S.p.]

<sup>26</sup> I. Opie & P. Opie (eds), *The Oxford dictionary of nursery rhymes* (1952), pp. 323-324.

<sup>27</sup> I. Opie & P. Opie (eds), *The Oxford dictionary of nursery rhymes* (1952), p. 310.

<sup>28</sup> I. Opie & P. Opie (eds), *The Oxford dictionary of nursery rhymes* (1952), p. 353.



**Figuur 4: Little Miss Muffet**  
**Illustrasie deur David Lawrence**

(Uit: R. Thomson & D. Lawrence, *Favourite nursery rhymes*,  
(London, 1985), p. 59.)

### Afrikaanse Kinderlektuur

Die Afrikaanse weergawe van *Little Miss Muffet* is deur die volksrymelaar Willem Versfeld (1870-1939) vertaal. “[...] Versfeld was veral lief daarvoor om Engelse liedjies in Afrikaans aan te pas en dit dan by gesellighede te sing [...]”<sup>29</sup> *Klein Griet van der Poel* is oorspronklik (waarskynlik rondom 1907), saam met Versfeld se eie verse en vertaalde kinderversies en liedjies, gepubliseer in *Springbok rympies en stories voor die kinders*,<sup>30</sup> met illustrasies deur Dorothy Barclay (1892-1940).<sup>31</sup> Dit word beskou as die “eerste geslaagde kinderbundeltjie”<sup>32</sup> in Afrikaans. Die vertaling lui:

<sup>29</sup> P.W. Grobbelaar, *Koetjies in die klawer: Die groot Afrikaanse rympieboek* (Kaapstad, 1975), p. 138.

<sup>30</sup> W. Versfeld, *Springbok rympies en stories voor die kinders* (Kaapstad, 1907), p. 17.

<sup>31</sup> G. Ogilvie, *The Dictionary of South African painters and sculptors including Namibia* (Johannesburg, 1988), p. 43, verwys na Barclay as ’n botaniiese kunstenaar wat onder ander illustasies vir *Die Kleinspan*, jeugbylae tot *Die Huisgenoot*, gemaak het. G. Wybenga, M.E.R. – ‘Reg op ereplek’ as kinderboekskrywer, *Literator* 25(3), 2004, pp. 58, 61, verwys ook na haar illustasies vir M.E.R. se *Die Kammalanders* (1928) en haar noue verbintenis met dié skrywer, wat ook redakteur van *Die Kleinspan* was. Dit wil, uit die biografiese inligting oor Barclay, voorkom of sy Versfeld se bundel op vyftienjarige ouderdom geïllustreer het, maar dit moet in gedagte gehou word dat die publikasiejaar van *Springbok rympies en stories voor die kinders* onseker is. Kyk ook: M. Arnold, *South African botanical art* (Vlaeberg, 2001), pp. 58, 187.

*Little Miss Muffet  
Sat on a tuffet,  
Eating her curds and whey;  
There came a big spider,  
Who sat down beside her  
And frightened Miss Muffet away.*<sup>33</sup>

*Klein Griet van der Poel  
Sy sit op haar stoel,  
En sy eet lekker stroop en brood;  
Een groot spinnekop loop  
Op die brood en die stroop,  
Toe skrik kleine Griet amper dood.*<sup>34</sup>

*Klein Griet van der Poel* is, soos van Versfeld se ander werk, in die laaste helfte van die twintigste eeu in versamelwerke, met geringe wysigings deur D.J. Opperman (1914-1985) en Pieter W. Grobbelaar (1930-), soos volg herdruk:

Opperman se verwerking:  
*Klein Griet van der Poel  
Sy sit op haar stoel  
En eet lekker stroop en brood,  
Toe sak 'n spinnekop  
Uit die tak bo haar kop,  
En klein Griet skrik haar  
ampertjies dood.*<sup>35</sup>

Grobbelaar se verwerking:  
*Klein Griet van der Poel,  
sy sit op haar stoel.  
en eet lekker stroop en brood  
Maar 'n spinnekop loop  
oor die brood en stroop,  
en klein Griet skrik haar ampertjies  
ampertjies dood.*<sup>36</sup>

Opperman noem dat hy poog om getrou te bly aan die rympies wat hy herdruk en dat hy dit terselfdertyd “tot vandag se kind”<sup>37</sup> toeganklik probeer maak, terwyl Grobbelaar dit stel dat hy nie geskroom het om “[...] aan die ou rympies te verander, by te werk of weg te laat nie, solank die eindproduk maar aanneemlik is”<sup>38</sup>.

Grobbelaar bied verder perspektief oor die rol van leenverse (ook uit Engels), asook die tradisie van mondelike oorlewing en die gevolglike nuansering van die volksrym oor tyd.<sup>39</sup> Hiermee word die tradisionele aard van volkswoordkuns duidelik, veral as dit gelees word saam met Burden se verklaring van tradisionele kultuur, waar dit “[...] reeds deur die gemeenskap aanvaar is en as 'n tradisie van een geslag na 'n

<sup>32</sup> D. van Zyl, Afrikaanse kinder- en jeugpoësie voor 1970, in G. Wybenga & M. Snyman (eds.), *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek* (Pretoria, 2005), p. 34.

<sup>33</sup> I. Opie & P. Opie (eds), *The Oxford dictionary of nursery rhymes* (1952), p. 323.

<sup>34</sup> W. Versfeld, *Springbok rympies en stories voor die kinders* (ca. 1907), p. 17.

<sup>35</sup> D.J. Opperman, *Kleuterverseboek* (Kaapstad, 1957), p. 21.

<sup>36</sup> P.W. Grobbelaar, *Varkies in die bone: die groot Afrikaanse kinderrympieboek* (Kaapstad, 1973), p. 42.

<sup>37</sup> D.J. Opperman, *Kleuterverseboek* (1957), p. xv.

<sup>38</sup> P.W. Grobbelaar, *Trippie trappe trone, die groot Afrikaanse volksrympieboek* (Kaapstad, 1969), p. 203.

<sup>39</sup> P.W. Grobbelaar, *Koeitjies in die klawer* (1975), p. 134.


ander of van een groep na 'n ander oorgegee word.<sup>40</sup> In die opsig stem rympie en melkstoeltjie ooreen.

Net soos daar drie (gepubliseerde) weergawes van *Klein Griet van der Poel* bestaan, is daar drie interpretasies van die 'stoel' waarop sy sit. In die eerste deur Barclay (**Figuur 5**) sit 'n somber Griet op 'n bankie waarvan die sport tussen die pote duidelik sigbaar is, terwyl dit in Opperman se *Kleuterverseboek*<sup>41</sup> (**Figuur 6**) (kunstenaar onbekend) 'n stoel is, kompleet met spanraam en rugstyle duidelik herkenbaar in die swaar illustrasiestyl. In Nikki Anne Newsome-Jones (1947-) se illusrasie in Grobbelaar se *Varkies in die bone*<sup>42</sup> (**Figuur 7**) en in Lizé Groenewald (1957-) se weergawe in *Trompettertjie*<sup>43</sup> (**Figuur 8**) word die generiese stoel in die rym vertaal na onderskeidelik drie- en vierpotige stoeltjies, soortgelyk aan talle uitbeeldings van die Engelse ekwivalent. In die geheel beskou, is die bedoeling van stoel, beide as sowel generiese sitding as rymwoord, duidelik as passiewe aanduiding vir die gebeure wat volg. Nog die redigering van teks, nog die verandering van meubeltipologie belemmer die leser se begrip vir die kousaliteit van die gebeure.



**Figuur 5: Klein Griet van der Poel**  
Illustrasie deur Dorothy Barclay

(W. Versfeld, *Springbok rympies*, p. 17. (D.J. Opperman, *Kleuterverseboek*, p. 21.)



**Figuur 6: Klein Griet van der Poel**  
Kunstenaar onbekend

<sup>40</sup> M. Burden, Die metodologie van kultuurgeskiedenis, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur-geskiedenis* 14(2), 2000, p. 25.

<sup>41</sup> D.J. Opperman, *Kleuterverseboek* (1957), p. 21.

<sup>42</sup> P.W. Grobbelaar, *Varkies in die bone* (1973), p. 42.

<sup>43</sup> P.W. Grobbelaar, *Die groot Afrikaanse kinderversekeur: Trompettertjie, verse vir 4-6jariges* (Kaapstad, 1989), p. 23.



**Figuur 7: Klein Griet van der Poel**  
**Illustrasie deur Nikki Jones**  
(P.W. Grobbelaar, *Varkies in die bone*,  
p. 42.)



**Figuur 8: Klein Griet van der Poel**  
**Illustrasie deur Lizé Groenewald**  
(P.W. Grobbelaar, *Trompettertjie*,  
p. 23.)

Waar die publikasiedatums hier oor 'n tydperk van meer as agt dekades strek, is daar 'n duidelike verskil in die tydsgees wat die illustrasies vasvang. Griet self word deur die jare minder bedeësd. Die mees onlangse uitbeelding, dié uit 1989 deur Groenewald, word as "vrolik en beweeglik"<sup>44</sup> beskryf. Hierin word die eenvoudige perspektief van die drie vroëre uitbeeldings vervang met 'n radiale uitleg wat die kyker visueel uitdaag en ruimtelik betrek.



**Figuur 9: Ongetiteld (*Inkie ankie*)**  
**Illustrasie deur Cora Coetzee**  
(D.J. Opperman, *Nuwe kleuter-verseboek*, p. 154.)

<sup>44</sup> U. Eiselen & G. Wybenga, Pieter W. Grobbelaar, in G. Wybenga & M. Snyman (eds.), *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek* (2005), p. 253.

As 'n reeks verduidelik die vier beelde ook die noue verband wat bestaan met die naamgewing vanveral eenvoudige sitmeubels, waar meer as een woord dikwels gebruik word om na dieselfde meubel te verwys.<sup>45</sup> Verby meubelkundige definisies lê woorde soos stoeltjie en bankie na aan mekaar in die volksmond en -begrip. So kan melkbankie as sinoniem vir melkstoeltjie dien.<sup>46</sup> Die raaiselrympie oor die melker, opgeneem in Opperman se *Nuwe kleuterverseboek*<sup>47</sup> met illustrasies deur Cora Coetzee (1940-) (**Figuur 9**), dien as voorbeeld. Ook hiervan is minstens twee weergawes aangeteken:

Inkie ankie  
onder die bankie;  
tien trek vier.  
Wat is dit?  
(Een wat melk)<sup>48</sup>

Ienkie ankie  
op die bankie:  
tien plus vier  
en één wit drankie.  
(Vingers wat koeispene melk)<sup>49</sup>



**Figuur 10: (*Nuttige Resepte*) *Vir tandpyn*  
Illustrasie deur Nikki Newsome (Jones)**  
(P.W. Grobbelaar, *Koeitjies in die klauer*, p. 16.)

<sup>45</sup> N. Botes, *Melkstoeltjies in die versamelings van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum* (2009), pp. 19-20.

<sup>46</sup> Die verskil tussen 'n stoeltjie en bankie lê daarin dat laasgenoemde 'n langer planvorm het sodat meer as een persoon daarop kan sit – kyk Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Elektroniese WAT, <http://www.woordeboek.co.za>, 29-11-2007.

<sup>47</sup> D.J. Opperman, *Nuwe kleuterverseboek* (Kaapstad, 1981), p. 154.

<sup>48</sup> D.J. Opperman, *Nuwe kleuterverseboek* (1981), p. 154.

<sup>49</sup> P.W. Grobbelaar, *Koeitjies in die klauer* (1975), p. 96.

Grobbelaar meld dat ten spyte van verstedeliking, “[...] ons volksrympies eintlik ‘n produk van ons landelike dae is [...]”.<sup>50</sup> Dit word bevestig in die illustrasies wat hierdie rympies vergesel, maar word terselfdertyd aangevul en bygewerk deur die kunstenaar. So kom ’n melkstoeltjie toevallig voor in ’n illustrasie (**Figuur 10**) deur Nikki Newsome-Jones vir C.W. Joubert (datum onbekend) se *Nuttige resepte*, hier *Vir tandpyn*, waarin ’n seun, duidelik in nuwerwetse kleredrag, tob oor sy pyn. Deur die beeld word toegang bewerkstellig tot diealogiese resep, wat so lui:

’n Emmer sonskyn in ’n sak gevang,  
van Leeu se brul sowat,  
die sleepsel van ’n waterslang,  
en die skaduwee van ’n kat.<sup>51</sup>

Grobbelaar skryf dat hoewel *Nuttige resepte* onder Joubert se naam in *Ons Klyntji* verskyn het, min oor hom bekend is. “Of hy die ‘reseppies’ self gedig het, is ’n ope vraag, want hierdie soort rympie was blykbaar gewild onder ons ou mense, en ander soortgelyke voorbeeld is opgeteken.”<sup>52</sup> Hier tree ’n verdere aspek van volkskultuur na vore – dit is dikwels van onsekere of anonieme herkoms.<sup>53</sup>

In die bekende *Kinders van die wêreld*<sup>54</sup> is vyf illustrasies waarin drie- en vierpootstoeltjies voorkom. Die reeks stel die lewe van kinders in verskillende lande met ’n beknopte geskiedenis, stories en fabels aan die jong leser bekend. Die klem val op die teks en elke vertelling word ingelei met ’n swart-en-wit illustrasie bo die titel. Outeurs word meermale voorin elke volume gelys en teksbronne vir party stories word erken. Die illustrasies self is dikwels sonder aanduiding van kunstenaar, al word van die “tekenaars” voorin elke volume gelys. Hoewel bespiegel kan word dat die kunstenaars deur afbeeldings in teksbronne beïnvloed kon gewees het, word geen sodanige bronne gelys vir die stories waarby die stoeltjies geïllustreer word nie.

In die eerste twee volumes verskyn twee tekeninge deur E. Hatchuel (datums onbekend) waarin stoeltjies voorkom in illustrasies by vertellings uit Israel (**Figuur 11**) en Griekeland, en een uit Kanada met die voorletters E.H. (Hatchuel?). Daar is geen aanduiding van wie die kunstenaar van die illustrasies in Nederland (**Figuur 12**) en Pakistan was nie. Geen verwysing na ’n stoeltjie of melkstoeltje kom in die

<sup>50</sup> P.W. Grobbelaar, *Trippe trappe trone* (1969), p. 203.

<sup>51</sup> P.W. Grobbelaar, *Koeitjies in die klawer* (1975), p. 16.

<sup>52</sup> P.W. Grobbelaar, *Koeitjies in die klawer* (1975), p. 138.

<sup>53</sup> N. Botes, *Melkstoeltjies in die versamelings van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum* (2009), p. 9.

<sup>54</sup> C.F. Albertyn & J.J. Spies (reds.), *Kinders van die wêreld* (1-8), (Kaapstad, 1962).



**Figuur 11: Die weduwee en die wind**  
Illustrasie deur E. Hatchuel

(C.F. Albertyn & J.J. Spies, *Kinders van die wêreld* (1), p. 29.)



**Figuur 12: Slimmer as die duivel**  
Kunstenaar onbekend

(C.F. Albertyn & J.J. Spies, *Kinders van die wêreld* (6), p. 38.)

teks van enige van die stories voor nie; dit is wel duidelik dat al vyf verhale handel oor die skamele bestaan van plattelanders en hulle geldnood. In net een geval, *Die broer wat te slim was*, is melkery enigsins ter sprake.

’n Stoeltjie verskyn weer in M.E.R. – Miemie E. Rothmann (1875-1975) – se rymbundel *Karlien en Kandas*. Die illustrasie (**Figuur 13**) deur A.R. – Anna Rothmann (1904-2000) – toon ’n buitetoneel en vergesel *Die Klaarmaak*.

“Wat kan ons maak om geld te verdien,  
om geld te verdien?”  
sê Kandas vir Karlien.

“As ek tog ’n oulap kry, hou ek hom vas,  
ek hou hom so vas,”  
sê Karlien vir Kandas.  
“Ek sal ’n trippens kry, dit sal jy sien,  
dit sal jy sien,”  
sê Kandas vir Karlien.

“As ons tog maar net by die motorpas was  
om die hek op te pas!”  
sê Karlien vir Kandas.  
“Maar as is net as!”  
sê Karlien vir Kandas.

Voor die huise se deur sit die twee so en sug  
en Mame kreun binne van steek in die rug.  
Op die graswerf kom jongvolk al lank bymekaar  
om te sing vir die klops – want dis haas Nuwejaar;  
en die kleinvolkies sing al, en speel al, en klap,  
en dis wat hulle sing, met geswaai en getrap:

“O, die borde, borde rys, rys!  
En die stukke, stukke vleis, vleis!  
O, die borde, borde rys, rys!  
En die stukke, stukke vleis, vleis!”<sup>55</sup>

M.E.R. was 'n bekende kampvegter vir armes<sup>56</sup> en het haar meermale uitgespreek oor hulle welstand en opheffing. Teen hierdie agtergrond word die universele tema van die rympie baie reëel. In die bundel (soos op die omslag) word figuursilhoeëtte gebruik en die stoeltjie in *Die Klaarmaak* is een van min bykomstighede wat die twee hoofkarakters ondersteun. Die silhoeët gee net genoeg detail om die aandag op die teks te fokus, maar is, soos die rym, ryk aan plaaslike verwysings. *Karlien en Kandas* word, met inagneming van die illustrasies, beskou as 'n “baanbreker in Afrikaans.”<sup>57</sup> Waar die beeld in *Kinders van die wêreld* die onbekende ontsluit, benadruk dit hier eerder die bekende.



**Figuur 13: *Die Klaarmaak***  
Illustrasie deur A.R. (Anna Rothmann)  
(M.E.R., *Karlien en Kandas*, p. 23.)

<sup>55</sup> M.E.R. (M.E. Rothmann), *Karlien en Kandas* (Kaapstad, 1975 [1933]), p. 23.

<sup>56</sup> H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n biografie* (Kaapstad, 2003), pp. 269, 296, 303.

<sup>57</sup> G. Wybenga, M.E.R., in G. Wybenga & M. Snyman (red.), *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom* (2005), p. 345.

## Politieke spotprente

Driepootstoeltjies kom dikwels in Suid-Afrikaanse politieke spotprente van die 19de en 20ste eeu voor,<sup>58</sup> waarvan twee hier uitgesonder word. Soos die prenteboek steun die spotprent swaar op die visuele impak. Anders as in die voorafgaande bespreking, waar fantasie, fabel en rym vertolk word, handel die spotprent oor werklike gebeure. In die vertolking hiervan word die teks meestal gebruik om detail te kommunikeer, dialoog en kommentaar toe te voeg, of 'n persoon wat krities tot die vertolking is te identifiseer. Karikature en politieke spotprente vereis huis dat die kunstenaar sy bedoeling oortuigend moet oordra:

*Hy praat met die massa, wat bowenal duidelikheid en verstaanbaarheid vra. Sodra die mense begin wonder wat sy prente nou eintlik beteken, is hy, anders as baie van sy meer verhewe broeders van die beeldende kunste, op pad na verwerping. Nee, hy moet binne die verwysingsveld van sy publiek bly: die gemene deler van hulle kennis, ervaring en emosies stel paal en perk aan sy kuns.<sup>59</sup>*

Die satiriiese blik van Herbert Wood MacKinney (1881-1953) op die politieke landskap in die dekade na Uniewording leun sterk op die raak uitbeelding van individue en insidente. Hy was veral bekend dat hy politieke polemiek kon uitbuit (**Figuur 14**). Een so 'n voorbeeld is 'n spotprent wat in 1914 gepubliseer is, waarin 'n diensmeisie ('Unionist Party') op 'n ladelam stoeltjie ('Barlow Nomination') staan, terwyl sy 'n koppie ('Liesbeek Seat') van 'n hoë kosrak probeer afhaal. Die opschrift lui: *Political proverbs no. 7. There's many a slip 'twixt the cup and the lip.* Mn. Barlow was as 'n Vrystater onaanvaarbaar en het boonop die verkiesing verloor.<sup>60</sup>

MacKinney gebruik die stoeltjie en die gesamentlike stabiliteit van die drie pote as kritiese spil in dié spotprent. By nadere ondersoek kom dit voor of net die een poot van die stoeltjie uit posisie kantel, wat natuurlik die hele stoeltjie – en die persoon daarop wat die koppie vashou – laat wankel. In dieselfde trant vertolk Victor Ivanoff (1909-1995) die einde van 'n ooreenkoms tussen die Britse Liberale Party

<sup>58</sup> N. Botes, *Melkstoeltjies in die versamelings van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum* (2009), pp. 86-88.

<sup>59</sup> P.J. Cillié, Voorwoord, in M. Schoonraad & E. Schoonraad, *Suid-Afrikaanse spot- en strookrentkunstenaars* (Roodepoort, 1983), [s.p.].

<sup>60</sup> M. Schoonraad & E. Schoonraad, *Suid-Afrikaanse spot- en strookrentkunstenaars* (1983), p. 148.



**Figuur 14: Political proverbs no. 7**  
**Spotprent deur Herbert Wood MacKinney**  
 (Africana Museum 47/240A)

(R.F. Kennedy (compiler), *Catalogue of pictures in the Africana Museum (4)* (Johannesburg, 1968), p. 5.)

en die Arbeiderregering op 27 Mei 1978 in *The Citizen* (**Figuur 15**), twee dae na die sogenaamde *Lib-Lab*-pakt beëindig is.<sup>61</sup> Een poot van die stoeltjie waarop die eerste minister, James Callaghan, sit word deur David Steel, leier van die Liberale Party, onder hom uitgetrek. Die spotprent vries die oomblik voor sy val, wat finaal eers 'n jaar later met die bewindsoorname van Margaret Thatcher se Konserwatiewe Party sou kom.<sup>62</sup> Sy hou links in die prent 'n ongeskonde driepoot selftevreden omhoog. Naas die akkurate karakterisering – 'n kenmerk van Ivanoff se werk<sup>63</sup> – is die spotprent profeties met die uitbeeld van die daaropvolgende gebeure.

Die trefkrag van albei hierdie spotprente berus op die beginsel van onderlinge strukturele verband tussen drie pote en hulle gesamentlike stabiliteit of ook hulle kwesbaarheid. Die volgende aanhalings verduidelik hierdie stelling: *As the metaphor implies, if any of the legs are missing, the stool will not stand*<sup>64</sup> en *We must consider*

<sup>61</sup> M. Schoonraad & E. Schoonraad, *Suid-Afrikaanse spot- en strookprentkunstenaars* (1983), p. 109.

<sup>62</sup> James Callaghan (1912-2005); David Steel (1938-); Margaret Thatcher (1925-).

<sup>63</sup> M. Schoonraad & E. Schoonraad, *Suid-Afrikaanse spot- en strookprentkunstenaars* (1983), p. 110.

<sup>64</sup> L. Jones & S.L. Greene, MoMA and the three-legged stool: fostering creative insight in interactive systems design, in D. Boyarski and W.A. Kellogg (eds), *Proceedings of the 3rd conference on designing interactive systems* (New York, 2000), p. 39, <http://0-doi.acm.org.innopac.up.ac.za/10.1145/347642.347660>, 2007-12-19.



**Figuur 15: Ongetitelde spotprent deur Victor Ivanoff**

*The Citizen, 1978-05-27*

(M. Schoonraad & E. Schoonraad, *Suid-Afrikaanse spot- en strookprentkunstenaars*, p. 109.)

*each leg equally – although the three legs are separate, they are of equal importance.<sup>65</sup>* Heelparty soortgelyke verwysings kom in eietydse vakliteratuur in Engels,<sup>66</sup> Nederlands<sup>67</sup> en Vlaams<sup>68</sup> oor 'n breë spektrum van dissiplines voor, onder andere finansies, genees- en opvoedkunde en politieke studies.

### Samevatting

In geïllustreerde kinderlektuur word beeld en teks kennelik verweef in die geheel wat aan die leser en kyker oorgedra word. In hierdie genre het die kunstenaar meer vryheid as byvoorbeeld in die politieke spotprent of strookprent, hoewel soortgelyke helderheid

<sup>65</sup> N.K. Dawe & K.L. Ryan, The faulty three-legged stool model of sustainable development, *Conservation Biology*, 17(5), 2003, pp. 1458, <http://0-www.blackwell-synergy.com.innopac.up.ac.za/links/doi/10.1046/j.1523-1739.2003.02471.x>, 2007-12-19, 2007-12-19.

<sup>66</sup> N. Botes, *Melkstoeltjies in die versamelings van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum* (2009), p. 92.

<sup>67</sup> Met verwysing na die driepoot-beginsel: G. Kor, *Medialisering van recht* (Deventer, 2008), p. 19; J.C.F. Noldus, *Strategische samenwerking van de grote mogendheden in de VN-Veiligheidsraad, 1946-2000* (Doctorale Proefschrift, Universiteit Utrecht, 2007), p. 13.

<sup>68</sup> Met verwysing na *driepikkel*: Belgische Kamer van Volksvertegenwoordigers, *Parlementaire Werkgroep 'Globalisering': Basisrapporten Doc 50 2330/001* (Brussel, 2003), p. 235, <http://www.dekamer.be/doc/flwb/pdf/50/2330/50k2330001.pdf>, 2011-05-06. *Driepikkel* is 'n Vlaamse sinoniem vir driepoot of drievoet; kyk C.A. den Boon en D. Geeraerts (hoofdred.), *Van Dale Groot Woordeboek van de Nederlandse Taal* (Utrecht, 2005), p. 858.

verlang word om die stemming te ontsluit. Meubels is hier, dikwels as selektiewe rekwisiet, van belang in soverre dit tot die geheelbeeld bydra en die bedoeling oordra of verryk. In die beeld wat hier ondersoek is word die melkstoeltjie 'n bekende verwysing, ongeag of tekstuele verwysing daarna voorkom. Die veelsydige gebruik en eenvoud van die meubelstuk se vorm en konstruksie dra hiertoe by. Vanweë die grootte word dit dikwels op 'n intieme en dus toeganklike skaal aangebied. In sowel die narratiewe vertolking van die prenteboek-genre, soos die werk van Caldecott, as die beskrywende vignettes, veral by rympies, dien melkstoeltjies as simbole van 'n skamel en edel landelike, selfs landboukundige, bestaan. Dat melkstoeltjies – meestal nie in die konteks van 'n melkstal nie – wel in Engelse en Afrikaanse kinderlektuur verbeeld word, of eerder tot laat in die twintigste eeu verbeeld is, is dus van belang. Dit spreek tot die algemene ideëwêreld wat kunstenaars vertolk en waartoe hulle bydra.

Verwysings na die driepootbeginsel in Suid-Afrikaanse politieke spotprente plaas nadruk op die kwesbaarheid van die hele struktuur indien een poot sou swig, of andersins waar die onderlinge verwantskap tussen drie kritiese aspekte voorop gestel word. Hierdie metaforiese verwysing kom ook eksplisiet in eietydse vakkundige skryfwerk voor. Waar die melker se gebruik van die melkstoeltjie vandag tot enkele selfversorgende kleinboere beperk is,<sup>69</sup> is dit vervang deur beeldspraak wat gemaklik en oor taalgrense heen in 'n wye verwysingsraamwerk pas. Hierdeur oorleef die begrip vir die tradisionele melkstoeltjie tot in die 21ste eeu.

---

<sup>69</sup> N. Botes, *Melkstoeltjies in die versamelings van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum* (2009), p. 78.